Laerskool Wonderboom

BELEID OOR MERIETE:
AKADEMIE – GRAAD 4 TOT 7

INHOUDSOPGAWE

TITEL VAN DIE BELEID 1
EFFEKTIEWE DATUM 1
HERSIENINGSINLIGTING 1

1. DOEL VAN DIE BELEID 1
2. DEFINISIES 1
   2.1 Prestasie binne skoolverband 1
   2.2 Prestasie buite skoolverband 1
   2.3 Sportsoorte 1
   2.4 Sportregister 1
   2.5 Meriete-organiseerder 1
   2.6 Dispute 2
   2.7 Geslag 2
   2.8 Akademie 2
3. MERIETE-ORGANISEERDER 2
4. KONTROLE VIR KORREKTHEID 2
5. SPORTREGISTER 2
6. DISPUTE 2
7. AFDELINGS WAARIN TOEKENNINGS GEDOEN WORD 3
8. BEPLANNING EN BESTUUR VAN MERIETETOEKENNINGS 3
   8.1 Akademiese prestasies 3
   8.2 Sportprestasies 3
   8.3 Kultuurprestasies 3
9. VERSKILLENDE SOORTE MERIETE TOEKENNINGS 3
10. GELEENTHEDE VIR MERIETE TOEKENNINGS 4
11. EREKLEURE 4
12. VERANTWOORDELIKE PERSONEELLEDE VIR AKADEMIESE TOEKENNINGS 4
   12.1 Akademiese toekennings in Intersenfase (Graad 4 tot 7) 4
   12.2 Keerdatum 4
13. REGLEMENT VIR TOEKEN VAN MERIETE TOEKENNINGS IN INTERMEDIêRE EN SENIORFASE 5
   13.1 Vergulde sertifikate 5
   13.2 Versilwerde sertifikate 5
   13.3 Erekleure akademie 5
14. TROFEETOEKENNINGS: AKADEMIE 6
15. ALGEMENE KENNIS – TROFEE 6
16. DUX-LEERDER: GRAAD 7 6
17. ALGEMEEN 6
18 TOEVOEGING TOT DIE MERIETEBELEID 7

AANVAARDING EN GOEDKEURING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM 8

VEELSYDIGHEIDSTOEKENNING – GRAAD 7

TITEL VAN DIE BELEID

Beleid oor Meriete: Akademie – Graad 4 tot 7

EFFEKTIEWE DATUM

2022

HERSIENINGSINLIGTING

Datum van volgende hersiening: Indien nodig

1. DOEL VAN BELEID

Om aan leerders erkenning te verleen vir buitengewone en volgehoue prestasies binne skoolverband.

2. DEFINISIES

2.1 Prestasie binne skoolverband

Dit is prestasie gelewer in aktiwiteite waarby die skool geaffilieer is en waar leerders binne skoolverband deelneem teen leerders van ander geaffilieerde skole wat ook binne skoolverband deelneem.

2.2 Prestasie buite skoolverband

Dit is prestasies, waar leerders op provinsiale of nasionale vlak presteer in omstandighede buite skoolverband waarby die skool nie geaffilieer is nie. Daar is nie amptelike skoolbetrokkenheid ter sprake nie, of waar die betrokke aktiwiteit of item nie noodwendig deel van die skool se beleid, of sportaanbieding uitmaak nie.

2.3 Sportsoorte

Dit sluit alle sportsoorte in waarby die skool geaffilieer is en wat by die skool aangebied word, soos omskryf in die Sportbeleid en word van tyd tot tyd hersien.

2.4 Sportregister

Dit is ‘n register van sportprestasies wat jaarliks deur die sportbestuurder bygehou en voltooi word om ‘n volledige lys van alle sportprestasies beskikbaar te stel vir die bepaling van meriete toekennings.

2.5 Meriete-organiseerder

Dit is ‘n personeellid of die graadhoofde, kultuurhoof en sportbestuurder wat deur die hoof aangewys is om aan die hoof van die organisasie van die meriete-aande te staan.

2.6 Dispute

‘n Dispuut is ‘n twispunt wat ontstaan nadat ‘n merietetoekenning gedoen is of nie gedoen is nie en die ouer bevraagteken die optrede van die skool in die verband.

2.7 Geslag

Die terme “leerder, deelnemer of speler” verwys na beide geslagte.

2.8 Akademie

Die gemiddelde punt van kwartaal 1, 2, 3 en 4 se punte saamgevoeg. Leerder moet die Novembereksamen aflê.

3 MERIETE-ORGANISEERDER

Dit is die meriete-organiseerder/s se verantwoordelikheid om vooraf met elk van die onderskeie afrigters/onderwysers en/of beamptes kontak te maak en te kontroleer dat toekennings korrek en op grond van akademiese-, sport- en/of kultuurprestasies binne skoolverband toegeken word.

4. KONTROLE VIR KORREKTHEID

Die meriete-organiseerder moet voldoende kontrolemaatreëls in die proses inbou om deeglike kontrole op alle vlakke te verseker. Geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan oneerlikheid tydens toetse of eksamens nie. Direk na die inoefening van die seremonie moet die onderwysers, wat betrokke is by die seremonie, deur die toekennominasieprogram gaan om ‘n finale kontrole vir korrektheid te doen.

5. SPORTREGISTER

5.1. Dit is die sportbestuurder se verantwoordelikheid om vooraf met alle sportbestuurders en afrigters ‘n vergadering te belê oor die verskillende sportprestasies wat in die sportregister aangeteken is. Kontroleer dat inligting in die sportregister volledig en korrek is, sodat toekennings korrek en op grond van verdienste toegeken kan word.

5.2 Die oogmerk van die register is om deurlopend bewus te wees van leerders se sportprestasies en om te dien as kontrolemeganisme om sportprestasies te bevestig tydens merietefunksies.

5.3 Die sportbestuurder moet via die sportorganiseerders volledig rekord hou van alle rekords wat verbeter is en atlete se data op die ABSA-tabel kan gebruik word om die beste atleet aan te dui.

6. DISPUTE

6.1 Wonderboom Laerskool bevestig dat die belang van leerders, wat toekennings tydens merietefunksies moet ontvang, te alle tye eerste gestel moet word.

6.2 As gevolg van die omvang van toekennings te Laerskool Wonderboom is dit noodsaaklik dat dubbelkontrole gedoen moet word om foute tydens toekennings tot die minimum te beperk.

6.3 Waar enige ouer van ‘n leerder van mening is dat ‘n leerder onregverdig behandel is tydens ‘n meriete toekenning op welke wyse ookal en die aangeleentheid kan nie deur noodmaatreëls aangespreek word nie, is die proses as volg:

- Die ouer van die leerder moet binne twee skooldae na datum van die merietefunksie, skriftelik kennis gee aan die hoof of sy gedelegeerde, van die dispuut.
- Redes moet volledig uiteengesit word met verwysing na moontlike oplossings.
- Die hoof of sy gedelegeerde sal alle pogings aanwend om die dispuut aan te spreek.
- Indien die dispuut nie deur die hoof of sy gedelegeerde opgelos kan word nie, sal die aangeleentheid na die volle Beheerliggaam verwys word vir oorweging en afhandeling.
- Die besluit deur die Beheerliggaam is finaal en sal skriftelik aan die betrokke ouer oorgedra word.

7. AFDELINGS WAARIN TOEKENNINGS GEDOEN WORD

Merietetoekennings sal binne skoolverband gedoen word vir die volgende:

7.1 Akademiese prestasies
7.2 Sportprestasies
7.3 Kultuurprestasies

8. BEPLANNING EN BESTUUR VAN MERIETETOEKENNINGS

8.1 Akademiese prestasies

- Meriete-organiseerder belê ’n reeks vergaderings met die betrokke personeel om die proses bekend te stel en die verloop van die proses te bestuur.
- Keerdatums word tydens die eerste vergadering bekendgemaak.
- Kontrole word streng beheer en foute wat deurglip word terug verwys na die graadvoogde.

8.2 Sportprestasies

Sportbestuurder belê ’n reeks vergaderings met die verskillende sportbestuurders en afrigters van elke sportsoort om die kandidate te identifiseer vir die verskillende toekennings.

8.3 Kultuurprestasies

Kultuurhoof belê ’n reeks vergaderings met die verskillende kultuur-organiseerders en afrigters van elke kultuuraktiwiteit om die kandidate te identifiseer vir die verskillende toekennings. Die kultuurhoof rig ook ‘n skrywe aan die ouers om voorleggings te doen vir moontlike toekennings.

9. VERSKILLENDE SOORTE MERIETE TOEKENNINGS

9.1 Deelnamesertifikate oorhandig by onderskeie sportsoorte se afsluitingsfunksies.
9.2 Geskenkbewyse
9.3 Versilwerde sertifikate
9.4 Vergulde sertifikate
9.5 Trofeë, balkies en medaljes
9.6 Erekleure

10. GELEENTHEDE VIR MERIETE TOEKENNINGS

10.1 Deelnemersertifikate sal tydens die afsluitingsgeleentheid van elke sportsoort/kultuuraktiwiteit uitgedeel word aan die deelnemers wat daarvoor kwalifiseer volgens die beleid van elke sportsoort of kultuuraktiwiteit.

10.2 Die amptelike meriete-aande word geskeduleer vir die laaste week van die skool jaar na afloop van die laaste eksamen.

11. EREKLEURE

11.1 Erekleure vanaf graad 4 tot 6 word toegeken in die vorm van ‘n sertifikaat wat aan leerders, wat daarvoor kwalifiseer, oorhandig word.

11.2 Graad 4 tot 6-leerders met erekleure-sertifikate mag met die toon van die sertifikaat ‘n erekleure-balkie by die skool aankoop en die erekleure-balkie dra op die linkerbors.

11.3 Erekleure in graad 7 word toegeken in die vorm van ‘n sertifikaat. Graad 7-leerders met erekleure-sertifikate mag met die toon van die sertifikaat ook ‘n erekleure-balkie by die skool aankoop en die erekleure-balkie op die linkerbors van die hemp of bloes dra.

11.4 Graad 7-leerders wat akademiese prestasies behaal en vir erekleure kwalifiseer ontvang die erekleure direk na die prestasie sodat hulle dit vir die jaar kan dra.

12. VERANTWOORDELIKE PERSONEELLEDE VIR AKADEMIESE TOEKENNINGS

12.1 Akademiese toekennings in Intersenfase (Graad 4 tot 7)

Die volgende kontrolemaatreëls is van toepassing vir meriete-toekennings in die Intersenfase:

- ‘n Gesamentlike graadvergadering word belê vir die bepaling van die spesifieke toekennings.
- Die graadvergadering stel die spesifieke graad se lys van kandidate op vir toekennings – ontvang van Principal Primary.
- Die vakonderwysers kontroleer eie merietevorms teenoor die puntestaat met rekordpunte.
- Die registerklasonderwyser is verantwoordelik vir die kontrole van sy eie registerklas se merietevorms in die verskillende vakke.
- Die graadvoog is verantwoordelik vir die oorhoofse kontrole van die graad se merietevorms tydens ‘n graadvergadering
- Die verskillende graadvoogde is verantwoordelik vir die oorhoofse kontrole van die graad se merietevorms tydens ‘n graadvergadering.
- Die meriete-organiseerder doen die finale kontrole van alle state.

12.2 Keerdatum

Personeel moet streng hou by keerdatums wat die organiseerder stel vir die indien van aansoeke en ander administratiewe stukke.

.

13. REGLEMENT VIR TOEKEN VAN MERIETETOEKENNINGS IN INTERMEDIêRE- EN SENIORFASE

13.1 Vergulde sertifikate

Nuwe leerders moet minstens 2 eksamens in die skool wees om in aanmerking te kom vir toekennings.

Akademies graad 4 tot 7: Toekenning word bepaal volgens punt na afhandeling van kwartaal 4 se assessering. Novembereksamen moet afgelê word.

Gemiddelde persentasies
Graad 4 tot 7: Gemiddelde persentasie van 80% en hoër.

Bewoording
Gemiddelde persentasie van ___%.

Hoogste gemiddelde persentasie en vakke
Hoogste gemiddelde persentasie in afsonderlike vakke in graadgroep.

Bewoording
Hoogste persentasie behaal in graadgroep in vak bv. Afrikaans.
Leerder ontvang ook 'n geskenkbewys.

Beste vordering in graadgroep
Kwartaalliks volgehoue verbetering waar gemiddelde % die hoogste opgeskuif het in graadgroep vanaf kwartaal 1 tot 4.

Bewoording
Beste vordering in graadgroep ontvang ook ‘n geskenkbewys.

13.2 Versilwerde sertifikate

Beste vordering in klasgroep

Kwartaalliks volgehoue verbetering waar gemiddelde % die hoogste opgeskuif het in klasgroep vanaf kwartaal 1 tot 4.

13.3 Erekleure akademie

- Handhawing van gemiddelde persentasie van 80% en hoër vanaf graad 4 tot 6.
- Leerder moet ten minste vanaf graad 5 of vir twee jaar ‘n leerder van Laerskool Wonderboom gewees het.
- Aangesien alle skole die CAPS-kurrikulum volg, word daar ook na die rapportpunt van die vorige skool gekyk.
- Leerders ontvang aan die einde van hul graad 6-jaar ‘n erekleuresertifikaat waarmee ‘n erekleurebalkie aangekoop kan word.

14. TROFEETOEKENNINGS: AKADEMIE

Leerder moet die Junie- en Novembereksamen aflê.

- Lucy Bradley: Hoogste gemiddelde persentasie in SW in graad 7
- Marais: Hoogste gemiddelde persentasie in NW in graad 7
- Armstrong: Hoogste gemiddelde persentasie in Engels in graad 7
- Citroën: Hoogste gemiddelde persentasie in Afrikaans in graad 7
- Phillip Roos: Hoogste gemiddelde persentasie in EBW in graad 7
- Johan Spies: Hoogste gemiddelde persentasie behaal in Wiskunde graad 4
- Sergo: Hoogste gemiddelde persentasie behaal in Wiskunde in graad 5
- Lady Day: Hoogste gemiddelde persentasie behaal in Wiskunde graad 6
- Lucy Bradley: Hoogste gemiddelde persentasie behaal in Wiskunde graad 7
- Daar is aan die einde van 2019 drie nuwe vaktrofees bekendgestel: Skeppende Kuns, LO en EBW:
    - Skeppende Kuns: John du Plessis trofee
    - LO: Ivan du Plessis trofee
    - EBW: Chanel du Plessis trofee
- Daar is einde 2020 ‘n nuwe trofee vir Tegnologie bekendgestel:
    - Roné Bosman trofee

15. ALGEMENE KENNIS - TROFEE

Algemene Kennistoetse word 4 keer per jaar geskryf – een per kwartaal.

- Leerder wat per graad beste prestasie behaal, ontvang ‘n trofee (graad 4 tot 7). Leerder ontvang ook ‘n geskenkbewys.
- Algehele wenner graad 4 tot 7: Leerder met hoogste gemiddeld in algemene kennistoetse ontvang hierdie trofee. Leerder met hoogste gemiddeld per klas ontvang ‘n silwer sertifikaat. Indien daar leerders is wat dieselfde gemiddeld aan die einde van die jaar het, word die wenner bepaal deur die hoogste punt behaal in een van die kwartaaltoetse.
- Om in aanmerking te kom vir die trofee, moet leerder al 4 kwartale se toetse geskryf het.

16. DUX-LEERDER: GRAAD 7

Toekenning van ‘n pen/medalje aan die graad 7-leerder wat die hoogste gemiddelde persentasie in **slegs graad 7** behaal; word bereken volgens die jaar asook die jaareindeksamen se punte. Leerders mag nie in aanmerking kom vir die DUX-Leerder indien daar enige vorm van oneerlikheid in toetse of eksamens plaasgevind het nie.

17. ALGEMEEN

Skoolbywoning
Sertifikaat van **getroue skoolbesoek** aan leerders van graad 1 tot 6 vir 100% skoolbywoning.

Goue sertifikaat en medalje
Aan leerders in graad 7 wat 100% skoolbywoning het vanaf graad 1 tot 7.

Akademie: Top 10 Kwartaal 4
Word tydens meriete-aand aangekondig

Veelsydigheidstrofee: Graad 7–leerders
Ida Botha: Veelsydigste graad 7-dogter
Starlight Motors: Veelsydigste graad 7-seun

Toekenning volgens kriteria
- Akademiese prestasies
- Sportdeelname en prestasies
- Kultuurdeelname en prestasies
- Leierskap

Engels Graad 7:
Boekprys of koopbewys vir leerder in graad 7 wat die meeste Engelse boeke gelees het – moet meer as 30 boeke lees.

18. TOEVOEGING TOT MERIETEBELEID

Kinders ontwikkel en groei geweldig gedurende hulle graad 6- en 7-jare. Dit mag gebeur dat kinders, wat nie tot leiers verkies is nie, so baie ontwikkel dat hulle uitstaan en as voorbeeld vir hulle mede-leerders dien.

Daarom sal dit gepas wees om ook laasgenoemde leerders te erken met ‘n sertifikaat vir uitsonderlike leierskap in graad 7 getoon.

Hierdie leerder sal ‘n vergulde sertifikaat ontvang, sowel as ‘n klein trofee

Die volgende kan gebruik word as riglyn vir hierdie toekenning:

- Daar mag meer as 1 leerder hierdie toekenning ontvang
- Leerders moet spontaan uitstaan vir hierdie toekenning. Indien niemand spontaan uitstaan nie, moet daar nie vir ‘n kandidaat gesoek word nie.
- ‘n Leerder wat vir hierdie toekenning kwalifiseer, behoort nie meer as 8 dissipline-inskrywings gedurende die eerste drie kwartale van die graad 7-jaar ontvang het nie.
- Dit is noodsaaklik dat ‘n personeellid, wat vir die graad 7-leerders skool gee, hierdie kandidaat identifiseer en ‘n motiveringsbrief ter stawing van hulle nominasie skryf.
- Genomineerde leerders sal dan aan die graad 7-onderwysers voorgehou word. Indien genomineerde leerder ‘n meerderheid stem tussen al die graad 7-onderwysers behaal, staan so ‘n leerder in lyn vir hierdie toekenning.
- Leerder/s, wat deur die graad 7-personeel verkose is, word aan die skoolbestuurspan voorgehou vir finale goedkeuring.

AANVAARDING EN GOEDKEURING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM

Aanbeveel deur: **L.M. Kruger: Hoof**	**Handtekening**	
Datum:	14 Oktober 2022	
Goedgekeur deur: **J.J. Bornman: BL-Voorsitter**	**Handtekening**	
Datum:	14 Oktober 2022	

Laerskool Wonderboom

VEELSYDIGHEIDSTOEKENNING – GRAAD 7

Naam en Van: _____ **Graad 7/** ____

Akademie: 80 % gemiddeld – 2 punte per kwartaal (kwartaal 1, 2, 3)
Redenaars: Skool Redenaarsaand: deelname (3); Graadwenner (5); ATKV en ander kompetisies: deelname (+2)
Public Speaking: Deelname (3); Wenner (5)
Kultuur:
- Koor: 4 jaar lid (4); 3 jaar lid (3); Koorkomitee (+2)
- Staccato's: 3 jaar lid (3); 2 jaar lid (2); Staccato leier (+2)
- Teatro: Deelname vir 2 jaar (2)
- Kultuur Trofee wenner (+)

Sport:
- Lid van A-span (4);Lid van B en C- span (3); spankaptein (+2)
- Deelname aan proewe vir streeks- of provinsiale spanne (finale rondte behaal) (3) – slegs van toepassing op sportsoorte op die lys ★
- Provinsiale span behaal (5)
- Sporttrofee wenner (+2)

Skoolleier: ★ Leier (3); Hoofleier (5); Hoofseun/Hoofdogter (6)
Super Wonnie: 2 punte (word deur die onderwyser voltooi)

★ Let wel: hoogste posisie se punt word in aanmerking geneem.

⟶ **Indien daar 'n gelyke groottotaal is, sal kwartaal 4 se akademiese prestasie in berekening gebring word.**

Aktiwiteit	Punte	Beskrywing
Akademie		
Gemiddeld bo 80%		
Redenaars		
Public Speaking		
Kultuur		
Skoolkoor		
Staccato's		
Teatro		
Trofee wenner		
Sport		
Atletiek		
Gholf		
Hokkie		
Krieket		
Krieket – middag/aand		
Landloop		
Netbal		
Rugby		
Sewes rugby		
Skaak		
Swem		
Tennis		
Skoolleier		
Super Wonnie		
Totaal:		